



## **GENERALE MISSIVE**

*Nuusbrief van die Stigting VOC 4/16*  
*Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*  
**Internet:** <http://www.voc-kaap.org> **E-pos/E-mail:** [vocinfo@voc-kaap.org](mailto:vocinfo@voc-kaap.org) **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, tel.021-438-8095, e-pos: [rodecb@icloud.com](mailto:rodecb@icloud.com) . **Lidmaatskap /Membership:** me. S. Gelderblom: tel. 083-261-7008, e-pos: [sgelderblom@mweb.co.za](mailto:sgelderblom@mweb.co.za).  
**Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** ABSA rek./acc. 9258840691: 'Stigting VOC Foundation.'

---

*Welaen Vrunden!*

### **Nuwe lede**

Ons verwelkom graag alle nuwe lede by die Stigting. Mag dit 'n lang en gelukkige verbintenis wees.



### **Dr Jeanne de Villiers**

Ons het met spyt verneem van die sterwe op 20 November vanjaar van ons getroue, gewaardeerde en belangstellende lid, dr Jeanne de Villiers. Saam met haar man, prof. Kay de Villiers het sy gereeld ons lesings en ander aktiwiteite bygewoon. Die Stigting het ons meegevoel aan Kay en haar gesin oorgedra.

### **Boekemark**

Ons verkoping van *Africana* boeke op Saterdag, 12 November 2016 was 'n groot sukses en ons bedank graag al die kopers en skenkers. Noemenswaardig is die skenking van meer as twintig boeke wat prof. G. Groenewald uit Johannesburg gestuur het, as 'n gewaardeerde donasie. Die tafels was gelaai met 'n groot verskeidenheid boeke van goeie kwaliteit op soek na nuwe eienaars. Daar was geskiedenis, medisyne, kuns, politiek, plantkunde, reisjoernale, krygskunde - omtrent enigiets wat jy wil hê. Die gees was positief en die pryse was deurgaans laer as boekwinkelpryse, gevolglik het handelaars die geleentheid gebruik om voorraad aan te vul. Die omset was ongeveer R7000. 'n Spesiale woord van dank aan lede Piet Westra en Wium van Zyl wat aan die roer gestaan het. Ons hou beslis weer 'n Boekemark.

'n Splinternuwe eksemplaar (nog in oorspronklike verpakking) van B. Brommer (red.): *Grote Atlas van de VOC, deel V (Afrika)* teen R8000 waardeer, is nie verkoop nie en dus nog beskikbaar. Dit is 'n rare, moeilik-verkrygbare item, waarop die invoerkoste reeds betaal is. Dit bevat honderde gekleurde kaarte van die dele van die Afrikaanse kus en suidwestelike binneland wat van 1598 tot 1795 deur die Voor Compagnien later die VOC verken en beset is, die name van plekke, riviere, berge, vroeë plase of hul eienaars, afbeeldings en grondplanne van buiteposte, geskutbatterye, dorpe soos Kaapstad, Swellendam en Stellenbosch in hul kinderskoene, paaie, hospitale, wonings, pakhuisse, waterleidings, kaaie, tuine, landskappe van Tafelbaai met skepe uit verre hawens... Die Grote

Atlas weeg 12 kilogram en is 'n goudmyn van inligting vir enigeen wat in die Kaap in die Kompanjietyd belangstel. Daarbenewens is dit ure van kyk- en leesplezier.

### VOC-woorde

Ons het in dié rubriek al baie VOC-woorde bespreek. Die Kompanjie, wat Nederlanders, Oos-Indiërs, Franse, Duitsers en sprekers van ander tale hierheen gebring het, moet pa staan vir die ontstaan van 'n Kaaps-Hollandse taal wat 'Afrikaans' genoem word. Omdat sprekers van Bahasa Malayu nie destyds Nederland toe geëmigreer het nie, is die Nederlandse moedertaal nie beïnvloed nie. Ons hier praat van 'baie' en 'baklei' en gebruik selde sinonieme daarvoor, maar Nederlanders gebruik die oorspronklike 'veel' en 'vechten.' Hulle ken wel 'bakkeleien,' maar dit beteken 'om oor nietighede te twis.'

Its oor die oorsprong van 'baklei': In die Oos-Molukke het stamme teen mekaar geveg uit 'oorlochssprauwen,' (roeibote beman deur gewapende soldate) en hierdie *prauwen* is 'bakkelaaien' genoem. Aan die Kaap was die woord 'baklei' al vroeg in gebruik; in 1668 het korporaal Croese by die Hessekwa vee geruil by Backeleijplaats, tussen Mosselbaai (dié naam kom uit 1601) en Swellendam (uit 1743).

Wat dan van 'basaar,' soos in 'kerkbasaar'? Dit het hier gekom as 'passer,' met die betekenis van openbare mark. Die Kompanjie se Plakkaatboek vertel dat op 22 Augustus 1665 'n plakkaat in die Fort opgeplak is, met die aankondiging '... dat voortaan alle saterdagens vars geslacht vee mitsgaders varsse en gedroochde visch sal op den nieuwe marcktplaats off passer alhier gebracht... alsmede diverse soort thuijn vruchten, melck, boter, eijeren, wilt gevogelte...' Die prys van die volgende soorte beskikbare vleis is vasgestel: 'ossen, koeijen, kalffsvleis, varrcken, hartebeesten, elant, wildevarckens, renoster, zeekoeij, steenbock, haes, stekelvarcken, das, wilde gans, bergeend, gewone eend, pouw, corhaan... diverse aertvruchten en moescruiden... oock soetemelck, karnemelck, schapekaas, ... eieren van hoenders, gansen, kivit, pequin, meeuwen, duijckers en diergelycken.' Dit herinner aan Noag se ark op 'n Saterdagmôre.

Toe 'n Kaapse buffel in 1667 agter die Boschheuvel doodgeskiet word, is die vleis op die passer aangebied, maar daar was geen kopers nie. Maar dinge verkaaps vinnig: '... de booth,' meld die Dagregister drie jaar later, is deur die see '...hoogh en droogh tussen de nieuwe punt en de basaer op 't strand geslaagen.' Daar's 'basaer,' amper al in sy huidige vorm. [M.K. Jeffreys (red.): *Kaapse Plakkaatboek, deel 1*. Kaapstad, 1944, pp. 88, 89; VC 5 Dagregister: 14.5.1670, p.839.] In Maart 2013 het ek in 'n park buite Den Haag 'n geel spandoek tussen bome gesien met die woord PASAR in rooi daar op. Daar was tentjies met wimpels, en die geur van Oosterse speserye was in die lug. Mense het geloop en eet aan loempias en ander sappige, sterk gekruide lekkernye. Dit was markdag vir die Indonesiese gemeenskap.

Its oor die 'buffel' (*Syncerus caffer*) en 'agter die Bosheuvel': Agter die Bosheuvel vind ons Buffels Valleij, die Kompanjie se groot, afgebakende houtveld waar brandhout vir onder andere die skepe gespuit is. Dit was vir die publiek verbode. Aan die einde van die Kompanjietyd is die houtvoorsiening geprivatiseer en Buffels Valleij verkoop. Die koper het 'n plaas daarop aangelê, wat hy Tokai genoem het. Vandag vind ons daar voorstede soos Tokai en Sweet Valley, ook Pollsmoor ('Van der Pol se heiveld') met sy tronk. Tokai se plaashuis staan na meer as twee eeue nog.



AG 8492

Kaapse Argief.

### **Kamer Antwerpen**

Sekretaris Jan Hubert van VOC Kamer Antwerpen berig dat die Kamer, gestig ‘zowat tussen pot en pint door een paar weldenkende geesten,’ aanstaande jaar vyftien jaar oud sal wees. ‘Naar oude gewoonte’ vind hulle Nuwejaarsdinee plaas op Woensdag, 25 Januarie 2017, by St Andrieskerk in Waaistraat 1. Hy het die aptytwekkende spyskaart aangeheg; die koste is €45 vir lede, sowat R675 in ons geld. Dankie vir die uitnodiging, Jan.

### **Verdwijnt het vak Geschiedenis?**

\*Dié interessante artikel is met dank uit die gratis internet-koerant *Historiek* oorgeneem. Punktuasie is verafrikaans. Om meer te wete te kom oor die stand en toekoms van die vak Geskiedenis in ons skole, het ek met ons lid dr Paul Murray, Vakhoof: Geskiedenis by Diocesan College, oor die moontlikheid van ’n lesing oor die onderwerp gepraat. Sy skool, as onafhanklike skool, volg hul eie leerplan.

Uit *Historiek*: ‘Of het vak geskiedenis straks nog bestaan is maar de vraag. Een kommissie, onder leiding van D66-senator Paul Schnabel bracht recent een advies uit over het onderwijs van de toekomst. Voor het vak Geschiedenis lijkt in dat advies geen plaats.

*Staatssecretaris Sander Dekker vroeg de kommissie vorig jaar onderzoek te doen naar de toekomst van het lager en middelbaar onderwijs. De kommissie ging hierop in gesprek met zowel leraren, leerlingen, schoolleiders en culturele instellingen. Hoofdvraag: Hoe moet het lager en middelbaar onderwijs er in 2032 uitzien? Eind Januari werd het eindadvies overhandigd aan de staatssecretaris.*

*In het advies pleit de kommissie voor een wettelijk vastgesteld kerncurriculum. Dit curriculum moet in ieder geval bestaan uit de vaste onderdelen Nederlands, Engels, rekenvaardigheid (inclusief wiskunde), digitale geletterdheid en burgerschap. Daarnaast zijn er drie zogenaamde leerdomeinen geformuleerd die de leerling van de toekomst in staat moeten stellen ‘de wereld te begrijpen’: Mens & Maatschappij, Natuur & Technologie en Taal & Cultuur.*

*Zoals het er nu naar uitziet verdwijnt het vak Geschiedenis uit het standaardaanbod. Ook de veelbesproken canon van Nederland, die in 2009 werd ingevoerd, lijkt in de nieuwe opzet niet langer verplichte kost. Leerlingen krijgen nog wel historische kennis overgedragen, maar het vak zelf wordt geïntegreerd in de andere vakken. Vooral binnen het domein ‘Mens & Maatschappij’- waarin de vakken Aardrijkskunde, Geschiedenis, Economie en Maatschappijleer geïntegreerd lijken te worden – zal historische context gegeven worden. De kommissie:*

*“Leerlingen leren vanuit verschillende perspectieven naar de samenleving en de leefomgeving kijken: een historisch perspectief (op de impact die gebeurtenissen van nu en uit het verleden hebben op de samenleving), een geografisch perspectief (op de eigen leefomgeving, Nederland, Europa en de rest van de wereld) en een politiek, economisch en maatschappelijk perspectief (op bestuur, welvaart en samenleven).”*

*Volgens critici worden de huidige doelen uit het geschiedenisonderwijs in dit nieuwe vak niet gehaald. In een ingezonden brief in de Volkskrant uiten geschiedenisleraar Ton van der Schans en onderwijsdeskundige Cees van der Kooij hun teleurstelling over het gepresenteerde advies:*

*“Geschiedenis mag niet tot een historisch perspectief binnen actuele thema’s gereduceerd worden, chronologie en feitelijke kennis mogen niet gemarginaliseerd worden om het beoogde historisch denken en redeneren te kunnen realiseren. Geschiedenis en identiteit zijn onlosmakelijk met*

*elkaar verbonden. Dat maakt ons vak relevant en spannend. Op basis van historische informatie formuleren mensen wie ze zijn, welke grenzen tussen hen en de ander zijn getrokken in de loop der tijd, wat verschillen en overeenkomsten zijn.'*

*De twee vrezes dat vakspecifieke vaardigheden en kennis verwateren als het vak Geschiedenis opgaat in kennisdomeinen:*

*'De leerlingen kunnen niet zonder het schoolvak geschiedenis. Krijgen leerlingen geen Geschiedenisonderwijs dan wordt ze een oriëntatie in de tijd en daarmee de zoektocht naar wie ze zijn onthouden. Dat belemmert de vorming van hun persoonlijkheid.'*

Openbare commentaar op die artikel, uit *Historiek*:

\*'Ach ja! Voor D66 is 1966 het 'Jaar 1'. Deze D66 senator heeft geen oog voor wat er vóór 1966 gebeurde. Dat er toen al maatschappelijke ontwikkelingen waren die er toe leidden dat D66 uiteindelijk een niet onbelangrijke politieke en maatschappelijke rol zou gaan spelen. Verder ben ik van mening dat de school eerst historische, geografische, economische en maatschappelijke 'bouwstenen' moet aanleveren. Dit moet in het basisonderwijs en in de onderbouw van het voortgezet onderwijs gebeuren. Dan pas zou men in de bovenbouw van het voortgezet onderwijs langzamerhand over kunnen gaan tot vakkenintegratie, mét de 'bouwstenen' die de leerlingen daarvoor aangeleverd hebben gekregen. Hopelijk wordt dit onzalige plan niet gerealiseerd.' *Johan Teuben* (Hogeschool Utrecht.)

\*'Om iets te kunnen integreren moet je eerst wel zoals de hr. Teuben opmerkt, gewoon wat basiskennis hebben. Als voormalig basisschoolleerkracht heb ik nog enkel projekt/themaonderwijs meegemaakt. Het gevolg was dat de kinderen eigenlijk helemaal niets meer wisten. Bij de 'onderwijspartij D66' heeft men blijkbaar niets aan onderwijsgeschiedenis gedaan.' *Frank Bikker*

\*'Geschiedenis is als een stapel oude kranten, niet relevant voor de toekomst.' *Matt Iccarus*

\* 'Hij die zijn verleden niet kent is de toekomst niet waard. Hij die zijn geschiedenis ontkent weet niet eens wat toekomst is. Besides, waarom zouden wij de toekomst onthouden wat wij nu weten... de LEUGENS van het verleden maken onze toekomst corrupt.. Of je bent corrupt of ongelooflijk blind... Welke van de 2 geldt voor jou??' *Jelle Rademaker*, Groningen.

\*'Jelle Rademaker, volgens mij snap jij mijn opmerking niet.' *Matt Iccarus*

\*'Ik weet alles van vakkenintegratie: het houdt in dat het vak geleidelijk verdwijnt. Wat kan er eigenlijk niet verdwijnen, nu we informatica hebben? Je kunt toch alles opzoeken? (ha ha)' *Bettie Aaftink*, Academie Artibus en Rietveldacademie:

\*'Wie zijn geschiedenis niet kent en hieruit lering trekt is gedoemd om steeds weer dezelfde fouten te maken. Past zeker niet in ons multiculturele denken, stel je voor dat je nationalistische trekken krijgt.' *Hub Scheeren*, bij zelfstandig boekhouder werkzaam.

\*'Links wil later zeker een eigen versie van de geschiedenis invoeren, waar bv de Marokkanen Nederland hebben bevrijd in plaats van Engelse, Amerikaanse, Canadese en Poolse legers.' *Bjorn van Herpen*.

\*'Stel je voor dat je zou leren hoe de aarde is ontstaan. En dat je zou weten hoe onze beschaving is ontstaan. Als je kinderen vragen wat waren romeinen en je weet geen antwoord. Of iets meer relevant. De Gouden eeuw, was dat onder Balkellende? Of wat zijn Nazi's? Een mooi vak geschiedenis. Moet lekker blijven.' *Lei Simons* · MTS Sittard


\*'Leren over geschiedenis is gevaarlijk - mensen kunnen gaan denken en dat heeft de moderne slaaf zeker niet nodig. Slaaf moet niet denken en zich afvragen wie onze vaders waren. Moderne slaaf moet iets kunnen rekenen, computer bedienen, schrijven hoeft ook niet meer. NWO plan, dat Nederland als trouwe volger realiseert.' *Ewa van Doorn* · Uniwersytet Warszawski

\*'Geschiedenis geeft - op z'n best - diepte aan je opvattingen. Voor wie de zoveelste "totale omkering" van het Nederlandse onderwijs beknopt en helder geduid wil zien: Martin Sommer, afgelopen zaterdag in De Volkskrant. Nog geen tien jaar terug concludeerde een parlementaire

enquetcocommissie dat we met al die radicale hervormingen compleet de mist waren ingegaan. Maar ja, dat is Den Haag alweer vergeten.' *Bob Lagaaij*.

### **Bo-op Tafelberg**

Meeste van ons het Tafelberg as studente uitgekluuter of as middeljariges met die hysbak - wie het dit eerste sweefspoor genoem? - opgery. Die beloning was dieselfde: uitsigte veel wyer as die ganze Skiereiland en 'n lug soos sjampanje. Ons plaas graag die kennisgewing van 'n interessante nuwe boek oor mense wat Tafelberg (een van die moderne wêreld se Sewe Wonders) uitgeklim het. Dit is geskryf deur een van ons lede, word bemark deur een van ons lede én wat meer is: Van die mees interessante bergklimmers het dit in die VOC-tyd gedoen. Soos u kan sien, is daar 'n spesiale, gunstige prys vir lede van ons Stigting.



**Joan Kruger: *On Top of Table Mountain*. Paternoster Books. ISBN: 978-0-620-72637-5 | 300 pages. Black-and-white illustrations.**

This highly entertaining book tells the 'story' of Table Mountain as experienced by quite extraordinary visitors who have made it to the top of this strange mountain. Ever since 1503 when an off-course seafarer climbed Table Mountain to find out where on Earth he was, visitors to the Cape have toiled, scrambled, ridden on horseback, run or climbed to the top – and written about it afterwards. Taken together, these reports provide a fascinating biography of the mountain; seen separately they are thrilling reads, penned by larger-than-life voyagers and, often unlikely, adventurers.

This is the first time that the English translations of these reports, written in various languages, including Russian and Swedish, have been collected in one volume. The first seamen who clambered to the top wrote 'heroic' accounts of their daring feats, the flower-hunters and other explorers were more nonchalant about their ascents, and the women who followed in their tracks up Platteklip Gorge, thought it was a breeze. And has the mountain been tamed? Not in a million years, and not with modern mountaineers and their heart-stopping climbs up the sheer cliffs.

In *On Top of Table Mountain* you will meet, among others, botanist Carl Peter Thunberg who risked his life to pick an exquisite blue disa, growing precariously on a ledge; James Holman, the 'Blind Traveller' who rode up and down the mountain on horseback; and Lady Jane Herschel who, while pregnant, still managed to ride part of the way up and then

went for a canter on top. The life-stories of the 27 exceptional visitors are told with flair and humour, and together with the accounts of the ascents, provide a riveting read.

**About the author:** Joan Kruger is a seasoned journalist, columnist, author and editor. She concentrates on historical non-fiction.

\*“A truly original book. Compelling storytelling, anecdotal yet historically accurate, easy to read, and un-putdownable. My favourite book about my favourite mountain.” – Scott Ramsay, photojournalist and author of *South Africa's Wildest Places*.

\*Price R300 plus R30 postage. **Special price R250+R30 postage=R280 to members VOC Foundation. Enquiries: [Africanapublishers@mwebbiz.co.za](mailto:Africanapublishers@mwebbiz.co.za)**

### Dubbele geleentheid: Boekbenedsteling en Oorhandiging van Medaljes



Fotos: C. Wessel




Op Saterdag 10 Desember het 'n dubbele funksie plaasgevind, waartydens somer 'n nuwe bywoningsrekord (98 mense) vir Huis der Nederlanden opgestel is.

Die boek *Die VOC aan die Kaap, 1652 -1795*, waaraan ons redaksionele komitee van Con de Wet, Leon Hattingh en Jan Visagie amper 15 jaar lank beplan en gearbei het, is in ons 21ste bestaansjaar deur Protea Boekhuis uitgegee en op 10 Desember bekend gestel. In dié opsig is 'n droom bewaarheid. Hopelik sal jonger historici in komende uitgawes nuwe bydraes, met nuwe ontdekkings en nuwe beskouings, byvoeg.

Dr N. Stassen van Protea Boekhuis het die aanwesiges verwelkom en sy personeel wat by die boek betrokke was, soos me. Danél Hanekom (uitgewers-redakteur) bedank.



Fotos: C.Wessel



Daarna het hoofredakteur Con de Wet die agtergrond tot die ontstaan van die boek en die vele probleme wat oorkom moes word, verduidelik. Hy het die sewentien skrywers, sommige waarvan meer as een hoofstuk bygedra het, bedank. Drie medewerkers is reeds oorlede. (Volledige toespraak hieronder.)

Daarna het die tweede deel van die funksie -die vierjaarlikse toekenning van ons Stigting se Silwer Medalje- begin. Voorsitter L. Hattingh het die agtergrond tot die Stigting VOC en die bestaan van die Silwer Medalje toegelig, vorige ontvangers en hul diensgebiede genoem en die Stigting se Medalje-komitee onder voorsitterskap van dr Helena Scheffler vir die reëlins bedank. Stigting VOC se Silwer Medalje vir die Bewaring van die VOC- erfenis

is vanjaar aan Me. Marie-Louise Roux en Dr Hans Fransen toegeken. (Voorsitter Hattingh se volledige toespraak hieronder.)



Foto: R. Broeksma

Die commendatio t.o.v. van Me Roux is deur Dr D. Sleigh voorgedra: (Volledige teks hieronder.) Die commendatio t.o.v. van Dr Fransen is deur mnr P. Westra voorgedra, met gebruik van geprojekteerde beelde. (Volledige teks hieronder.)

Na afloop van die verrigtinge het die aanwesiges in gelukkige stemming die verversings geniet.

\*Die funksie is deur Protea Boekhuis, SASNEV en die Van Ewijk Stigting (in alfabetiese orde) geborg.

#### **- Hoofredakteur Con de Wet se toespraak:**



Foto: R. Rode

“Ter inleiding wil ek kortliks iets sê oor die ontstaan van die publikasie *Die VOC aan die Kaap, 1652-1795*. Die bestuurskomitee van die Stigting VOC het gevoel daar was ’n behoefte aan ’n publikasie wat sou lig werp op die besondere rol wat die Vereenigde Oostindische Compagnie gedurende hulle tyd aan die Kaap gespeel het om die Suid-Afrika waarin ons vandag leef tot stand te bring. Die gevoel was dat die VOC-tydperk aan die Kaap eintlik ’n bietjie in die vergeetboek beland het. Ja, ons weet almal Jan van Riebeeck en sy dapper groepie het na die Kaap gekom om ’n verversingspos hier te kom stig. En ons het almal op skool geleer van Simon van der Stel, die vryburgers se stryd teen die gehate Wilhem Adriaan van der Stel, en die wyse en geliefde ou Vader Tulbagh. Maar daar het dit vir baie van ons opgehou. Besef ons nog dat die VOC een van eerste groot handelsmaatskappye was wat wêreldwyd handel gedryf het? Weet ons nog hoeveel dinge in ons land het hulle ontstaan te danke gehad aan die VOC se anderhalf eeu hier aan die Kaap die Goeie Hoop? Dink maar aan Afrikaans, een van die amptelike tale van ons land; aan die “bruinmense”, ons medeburgers in hierdie land; aan ons regstelsel; aan ons Christen en Moslem kerklike bestel. Dit is alles dinge wat hulle oorsprong in die tyd van die VOC gehad het.

Die bestuurskomitee van die Stigting het dus ongeveer 20 jaar gelede besluit om ’n publikasie saam te stel wat die belangrike rol van die Vereenigde Oostindische Compagnie in die geskiedenis van Suid-Afrika onder die aandag te bring. Daar is besluit dat kenners oor besondere onderwerpe gevra sal word om bydraes daarvoor te lewer. Drie mederedakteurs – ek, Leon Hattingh en Jan Visagie – is gekies om die proses van stapel te stuur en te voltooi.

As eerste stap is 17 skrywers gewerf om bydraes te lewer. Onder hulle was twee Nederlanders, te wete prof. Thom de Smidt, hoogleraar in oud-Nederlandse reg aan die Universiteit van Amsterdam en later aan die Rijksuniversiteit Leiden, en prof. Gerrit Schutte, emeritus-professor in geskiedenis aan die Vrije Universiteit in Amsterdam. Die ander medewerkers was Dan Sleigh, Helena Scheffler, Con de Wet, Thean Potgieter, Deon Visser, Kay de Villiers, Leon Hattingh, Jan Visagie, Hans Heese, Piet Westra, George en Hoffie Hofmeyr, Gawie Fagan, Gwen Fagan en Fana Malherbe. Met die uitsondering van prof. De Smidt (regsgeleerde), prof. De Villiers (medikus), Hoffie Hofmeyr (teoloog), Gawie Fagan (argitek), dr Gwen Fagan (medikus, tans landskap- en binnenshuise beplanner by restourasieprojekte) en dr. Fana Malherbe (medikus), is die ander skrywers almal historici.

Die redakteurs kan getuig dat die skrywers deurgaans van die nuutste navorsingsresultate gebruik gemaak het en self ook nuwe insigte en vertolkings na vore gebring het. Hier wil ek net kortliks verwys na die volgende bydraes:

Die drie hoofstukke deur Gerrit Schutte: hoofstuk 1, Die wêreld van die VOC; hoofstuk 10, Onderwys aan die Kaap; en hoofstuk 22: Die VOC se nalatenskap; Prof. Thom de Smidt: hoofstuk 5, Regspraak aan die Kaap; George en Hoffie Hofmeyr: hoofstuk 18, Die VOC aan die Kaap en godsdiens; Gawie Fagan: hoofstuk 19, Argitektuur en dorpsbeplanning; Gwen Fagan: hoofstuk 20, Watervoorsiening; Fana Malherbe: hoofstuk 21, Munte in omloop aan die Kaap; Piet Westra: hoofstuk 17, Boeke en boekversamelings tydens die Kompanjiestyd; en Hans Heese: hoofstuk 16, Die gemengde en “bruin” bevolkingsgroep. Na my wete het hulle – en ook die ander skrywers – nuwe insigte oor ou opvattinge gegee en ook onderwerpe wat voorheen nie aandag gekry het, aan die orde gestel.

Drie van ons medewerkers, George Hofmeyr, prof. De Smidt en Deon Visser is ongelukkig oorlede voordat die boek verskyn het. Laasgenoemde twee het hulle hoofstukke voor hulle oorlye voltooi, maar George Hofmeyr is ongelukkig oorlede voordat hy sy taak afgehandel het. Gelukkig het sy broer, Hoffie Hofmeyr, onmiddellik op ons oproep gereageer en die hoofstuk voltooi. Ons is ook vandag bly om Deon Visser se weduwee, Una en haar dogters, hier by ons te hê en ons innige meegevoel persoonlik aan hulle te kan oordra. Ons eer ook die nagedagtenis van ons ander twee vriende. Laastens wil ek graag ook ons almal se meegevoel betuig aan prof. Kay de Villiers, wie se eggenote, dr. Jeanne de Villiers, verlede maand oorlede is.

Namens die redaksie wil ek ook graag ons hartlike dank uitspreek teenoor al die medewerkers. Dit was ’n plesier om saam met so ’n entoesiastiese span te werk. Dit was nooit nodig om een van hulle aan te maan om ’n bietjie op te skud nie, want alle teikens is altyd voor die afsny-datum bereik. En almal het voortdurend navraag gedoen hoe die projek vorder. Daarvoor verdien julle ons dank en bewondering.

Laastens ook ’n opregte woord van dank aan die uitgewers, Protea Boekhuis, vir die pragtige publikasie wat julle op ons rakke geplaas het. Dit is iets waarop ons as medewerkers opreg trots kan wees. Dankie aan Nicol Stassen dat hy besluit het om die boek te publiseer. Ons waardeer jou vertrouwe in die produk wat ons jou aangebied het. En dan ook ’n besondere woord van dank aan die uitgewers-redakteur, Danél Hanekom. Dit was ’n plesier om saam met jou te werk en ons wil jou opreg bedank vir al jou geduld en blymoedige samewerking. Hoewel ons hulle nooit ontmoet het nie, sal ons dit waardeer as jy asseblief ons opregte dank aan al jou kollegas wat by die uitleg van die boek betrokke was, sal oordra vir die reuse aandeel wat hulle gehad het in die suksesvolle afhandeling van die drukproses: die proeflesers Martjie Bosman en Carla Lang; die indekseerder Dawie Malan; Hanli Deysel, vir die bandontwerp; die tipograaf, Ada Radford; en Marietjie du Toit en André Boessenkool vir die kaarte.

Voor ek afsluit wil ek eers aan julle ’n e-pos lees wat ek op 22 November van Gerrit Schutte uit Nederland ontvang het: “Vanmorgen ontving ik een ex. van *Die VOC aan die*



*Kaap*. Mijn gelukwensen! Het ziet er imponerend en mooi uit. Ben dankbaar dat ik in zo 'n mooi boek mag staan, en dan wel nog in Dan's Afrikaans! Je zult bijzonder tevreden zijn, na zoveel jaren van werk, zorgen en geduld! Feliciteer Leon en Jan van me. En een mooie presentatie op 10/12 gewenst!"

Ten slotte 'n woord van innige dank aan Protea Boekhuis vir hierdie bekendstellingsgeleentheid wat julle vir ons gereël het. Namens almal hier teenwoordig kan ek julle verseker dat ons dit geniet om deel daarvan te wees."

#### **- Voorsitter Leon Hattingh se toespraak.**



Foto: R. Rode

“Die Stigting VOC is vanjaar mondig. Vandaar ons groot fees vandag. Dit was twee honderd jaar na die verdwyning van die Nederlandse Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (die oorspronklike VOC) aan die Kaap dat 'n handjievul historici, bewaringsgoeroes en ander entoesiaste bymekaar gekom het om die Stigting VOC in die lewe te roep. Die doelwit is uiteengesit om die geskiedenis van die eerste anderhalfee van ons land lewendig te hou, die VOC se historiese erfenis te bewaar en om die publiek daarvoor in te lig. Verlaasgenoemde is as baie belangrik geag en het voortdurend die hoof belang gebly. Om die rede word voortdurend lesings en praatjies deur geskoolde historici, ander belangstellendes en talle buitelandse besoekers aan ons groot gehore voorgedra. Met minstens vier lesings per jaar is ons goed op pad na ons eerste honderdtal.

Hierbenewens voer ons 'n volgehoue stryd met die owerheid om sekere verkeerde benamings van plekke en dinge ooreenkomstig die werklike nagelate dokumente reg te benoem of te beskryf, soos byvoorbeeld die geval is met die sogenaamde Van Riebeeckheining. Dit is geen maklike taak nie. As 'n verkeerde opvatting eers eenmaal inslag gevind het, word dit veel makliker verkeerd aangewend as om die regte gegewens daarvan te wil erken en te gebruik. As Stigting het ons tot op hede ook 'n besonder groot bydrae tot Weskus Nasionale Park en toerisme gelewer deur die poging om die oorspronklike VOC-baken aldaar te bewaar.

Afgesien hiervan was daar vir die lede van die Stigting ook van tyd tot tyd uitstappies en besoeke aan besonderse historiese plekke gereël. VOC-lede het al hier in die Kaap verskeie besoeke aan besienswaardige plekke gebring. Onlangs nog het ons die eerste Vrymesselaarslosie, nog gestig in die Kompanjiestyd, asook die Parlementêre biblioteek waar baie VOC dokumente bewaar word, besoek. Toere is onderneem na VOC-plekke in die omgewing van die Kaap, die Boland en ook verder weg soos die Weskus en die Suid-Kaap. Sulke gebeure was natuurlik baie gewild en gewoonlik volbespreek. As 'n toekomstige droom is selfs 'n besoek aan Mauritius, wat eens op 'n tyd onder die Kaap se bestuur geval het, en aan Nederland oorweeg maar die insinking van die rand se waarde het ons voorlopig sulke uitstappies nog op die horison laat plaas.

Die Stigting VOC is ook die wettige geregistreerde besitter van die ou oorspronklike VOC-logo hier in Suid-Afrika. Niemand mag dit dus in die handel gebruik tensy daar met ons ooreengekom is oor die die gebruik daarvan nie.

In 2010 het ons besoek van ons Nederlandse eweknie, Caemer die Haege, ontvang en dit gevier met 'n grootse ete in die Kasteel om 'n langtafel met 110 aansittendes. Sedert 2012

het die Stigting ook 'n replika van die slaweskip *Meermin*, wat in 1765 deur 'n aantal slawe geskaak is, maar later deur die bemanning uitoorlê is en moes oorgee, laat bou wat tans in bruikleen in die Iziko-museum in die ou slawelosie uitgestal word. Verder lewer die Stigting ook minstens vyf keer per jaar 'n insiggewende nuusbrieff, die *Generale Missive*, wat inderdaad hoogstaande leesstof is.

Boonop ken die Stigting VOC elke vierde jaar 'n silwermedalje toe aan vooraanstaande leiers vir besondere bydraes ten opsigte van die bewaring en behoud van ons VOC-erfenis. Vorige ontvangers hiervan was mnr Robert Lightley, internasionaal bekende bouer van skeepsmodelle, die egpaar Gawie en Gwen Fagan vir hul reuse bydrae tot erfenisbewaring, mnr Marthinus van Bart vir sy volgehoue skryfwerk oor erfenisbewaring in *Die Burger*, die Nederlandse historikus, prof Gerrit Schutte, wat reeds 'n hele aantal bydraes oor die VOC-periode gelewer het en kaptein Francois Morkel vir sy jarelange toegewyde diens as uitvoerende beampte van Kasteel die Goeie Hoop. Vandag oorhandig ons vir die eerste keer twee medaljes gelyktydig, naamlik aan me Marie-Lou Roux en dr Hans Fransen vir hul onderskeie volgehoue bydraes om geboue soos die ou VOC-stoor in Strandstraat ongeskonde vir die nageslag te hou. Elkeen van hulle ontvang twee medaljes: die een wat ek om hul nek gaan hang is van egte silwer, die kan hul voortaan by spoggeleenthede dra, en die replika is die een wat hul te enige tyd ten toon kan stel. Dr Dan Sleigh sal die commendatio van me Roux lewer waarop ek die medalje sal omhang en sy dan die geleentheid sal kry om daarop te reageer. Mnr Piet Westra sal dr Hans Fransen aan u voorstel en na ontvangs van die medalje sal hy ook die geleentheid kry om daarop te reageer.

Ons vertrou dat u hierdie geleentheid wat met die bekendstelling van ons boek gepaard gaan terdeë sal geniet en ook by ons wil aansluit om ons hande te sterk.

Ten slotte 'n woord van dank aan vir mnr Nicol Stassen van Protea Boekhuis bedank vir hierdie pragtige geleentheid. Ook aan me. Eureka Barnard van SASNEV vir die geriewe wat sy altyd vir ons hier in die biblioteek beskikbaar stel. 'n Woord van groot waardering vir die ruim finansiële ondersteuning wat ons as Stigting van die Van Ewijck Stigting ontvang. Ook aan ons onder-voorsitter, dr Helena Scheffler wat ten spyte van ongesteldheid, gesorg het dat die medaljes gemaak en gereed is. Ek dank u.

#### **- D. Sleigh se commendatio t.o.v. me. Marie Louise Roux.**



Fotos: C. Wessel



Marie-Louise Roux is in Pretoria gebore en matrikuleer op 16 jarige ouderdom aan die Hoërskool Langenhoven op Riversdal. Voor sy 21 jaar oud is verwerf sy 'n BA aan die Universiteit van Stellenbosch en die Hoër Onderwysdiploma aan die Rhodes Universiteit. Sy begin in Suid-Rhodesië skoolhou, en na 'n kort tydperk as Vrystaatse boervrou aanvaar sy 'n onderwysspos op Riversdal, waar sy nege jaar lank Engels doseer.

As onderwyser was sy betrokke by die afrig van toneelopvoerings, musiekopvoerings en ook sport soos tennis en pluimbal. In 1975 behaal sy BA (Hons) in Engels op Stellenbosch, waarna sy 'n pos aan die Hoërskool Jan van Riebeeck aanvaar. In 1981 word sy gevra om die Republiekfeesvierings in die Kaapprovinsie te help organiseer. Intussen behaal sy ook 'n B.Ed buitemuurs aan die Universiteit van Kaapstad.

In Junie 1981 aanvaar sy die pos van dosent vir Engels in die Department Opvoedkunde van die Universiteit van Stellenbosch, waar sy ook later die graad M.Ed (met lof) behaal. Hier doseer sy Engels tot 1995 en sluit daarmee haar professionele loopbaan van 43 jaar as taalonderwyser af. Maar sy het ook ses jaar lank in die bestuur van die Stellenbosse Heemkring gedien wat haar gevoel vir die behoud van die erfenis of soos sy dit noem ‘kleingeskiedenis’ van ’n gemeenskap gekweek en versterk het.

So begin haar tweede loopbaan, naamlik die bewaring van die beboude en natuurlike omgewing. ’n Vroeë bydrae op die gebied van bewaring was die aansienlike bedrag geld wat sy in Kaapstad ingesamel het vir die behoud van Pretoriase Kerkplein se wesfasade in 1972, toe dit met slooping bedreig is. Ook het sy sterk meegewerk aan die ‘Red die St Luciakusduine-kampanje.’ In 1985 is sy medestigter van die Stilbaai-bewaringstrust, om onvanpaste ontwikkelings op die dorpie teen te staan. Die onmiddellike aanleiding tot die stigting van die Trust was die bou van ’n waterglybaan op die sandtong dwars in die riviermond. Dit het sewe jaar se navorsing en verdoë gekos om daardie struktuur van die sandtong verwyder te kry.

Die Trust het voortgegaan met bewaringsaksies soos die uitroei deur vrywilligers van indringerplante in die Pauline Bohnen natuurreservaat en sy slaag daarin om ’n ooreenkoms met die Departement Mannekrag te sluit, wat fondse verskaf het vir ’n span werkers wat die reservaat stelselmatig skoon gekap het. Vir bewusmaking van die natuur, stel die Trust geleide staptogte in deur die Geelkrans bosreservaat, die Pauline Bohnen natuurreservaat en na die historiese plaas Jongensfontein.

Benewens hul uitstaande omgewingswerk, red en restoureer die Trust historiese bouwerke soos die landskapskilder Jan Volschenk se huisie, en dra ruim by tot die bewaring van een van die twee Klonus pioniershuisies en die middel-negentiende eeuse Jagersbosch-opstal. Dit is vandag Stilbaai se dienssentrum vir senior burgers. Die Trust herskep ook die oorspronklike ‘school kamer’ aan die noordekant van die Palinggat-opstal tot sy oorspronklike funksie as klaskamer. Dit dien as museum vir die nege plaasskooltjies wat tussen 1905 en 1940 in die omgewing van Stilbaai bestaan het. Marie-Louise Roux het ook tenminste vier publikasies vir die Stilbaai Bewarings Trust geskryf of vertaal.

In Kaapstad hanteer sy tussen 2002 en 2004, met geld van die Provinsie verkry, ’n voedseltuin-projek by gemeenskappe op die Kaapse Vlakte.

In 1995 word sy verkies tot Uitvoerende Beampte van die Habitatraad, ’n nasionale oorkoepelende vereniging van omgewingsorganisasies. Sy werk steeds in dié kapasiteit. Die Habitatraad het aansienlik bygedra tot die skep van ’n reservaat vir die bewaring van die rare en bedreigde Brenton blou vlinder, en het toegetree tot ander belangrike kwessies soos die opponering van padbouplanne en voorgenome mynbedrywighede langs die Wildekus.

Die Habitatraad stel hom dit veral ten doel om insette te maak oor konsepwetgewing wat die omgewing raak. Reeds in die tydperk vóór 1999 is bv. insette gelewer in die nuwe Erfeniswetgewing, wat vorm gekry het in die SA Erfenis-hulpbronne Wet.

Sy dien die afgelope sewe jaar op die Uitvoerende Bestuur van die Kaapse Omgewingstrust (Captrust), wat die bewaring van die Kaapse beboude en natuurlike omgewing ten doel het. As afgevaardigde lewer sy in 1992 in Bonn verslag oor die mate waarin Suid-Afrika die besluite van die 1972 Rio-verdrag nakom. In 2002 lewer sy as afgevaardigde ’n referaat by die stigtersvergadering van die suidelike tak van GAIA (Global Association for Incineration Alternatives) in Nairobi.

In 1996 werk sy en twee ander Captrust lede drie weke lank saam met die Parlementêre Staande Komitee vir die Omgewing in die parlement, aan wat as die Nasionale Omgewingsbestuurwet (Wet 107 van 1998) vorm sou vind. Oor al die verwante omgewingswette wat daaruit gevloei het (byvoorbeeld oor lugkwaliteit, waterkwaliteit, afvalbestuur, biodiversiteit en beskermde gebiede) en Regulasies, veral die oor

Omgewingsimpak-bepaling en Wetswysings-amendamente, is insette gemaak en ernstige kritiek gelewer op die voortdurende afwatering van ons omgewingswetgewing. As lid van die Habitatraad het sy as Tweede Aansoeker toegetree tot die hofsak teen die oprigting van 'n tweeverdiepingkantoorblok in die UNESCO Wêrelderfenisgebied by Chapman's Piek. Ook probeer die Raad al meer as sewe jaar om bestaande beskermende wetgewing aan te wend om die *ver*-suidelike deel van die Skiereilandse bergketting wat deel van die Wêrelderfenis gebied is, teen kommersialisering te beskerm. Derdens beywer die Habitatraad hom vir die verklaring van die 19de eeuse strandhuisie, Highclere, gebou vir Sir Langham Dale, wat 23 jaar lank die Kaap Kolonie se Superintendent-Generaal van Onderwys was. Die huisie is volkboukundig van groot belang, synde die laaste platdak huisie van seeklip en skulpkalk gemaak in sy oorspronklike vorm in Blouberg. Sewe slopingsaansoeke is reeds teen die gebou ingedien, en saam met elke weiering is Erfenis Weskaap aangesê om die huisie tot Provinsiale erfenisterrein te verklaar, wat nog nie uitgevoer is nie. Die saak is in die hooggeregshof aangehoor, en die regter se beslissing word eersdaags verwag. Ook die Habitatraad se jarelange pogings om te voorkom dat 'n multi-verdieping kantoorblok op die pakskuur langs die Lutherse Kerk-kompleks in Kaapstad gebou word, moet na die hooggeregshof gaan vir beslissing.

As gevolg van Marie-Lou Roux se ywer en toewyding is die volgende toekennings aan die Stilbaai Bewaringstrust gemaak: In 1990 die CAPTRUST Toekenning vir Omgewingsbewaring en in 1991 die EPPIC Toekenning vir Omgewingsbewaring.

Persoonlike toekennings aan haar oor vier dekades van Bewaring en Opvoeding, is o.a.

\*Die Cape Times Centenary Medal vir Omgewingsbewaring (1988)

\*Die Cape Tercentenary Award for Excellence (1998)

\*Wildlife and Environment Society of SA se Goue Medalje vir uitstaande diens aan Bewaring (2002)

\*EJNF Quarterly Award vir uitstaande bydrae tot die Environmental Justice Sector (2002)

\*Medalje van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns (2005) en

\*Twee trofee van die Hessequa Munisipaliteit ter erkenning van haar bydrae tot bewaring in Stilbaai (2008).

Al is die stryd vir bewaring deesdae steil opdraend, is haar ywer ongeblus. 'n Vreugde in haar lewe is haar kleinkinders, Michelle en Francois Roux.

Voorsitter, dit is vir my 'n voorreg om me. Marie Louise Roux, gedugte vegter vir natuur- en omgewingsbewaring, as ontvanger van die Stigting VOC se Silwer Medalje mét lewenslange Ere-Lidmaatskap van die Stigting aan te beveel."

#### **- P. Westra se commendatio t.o.v. dr Hans Fransen.**



Fotos: C. Wessel



Dr Hans Fransen is in 1931 in Amsterdam, Nederland gebore. Hy het argitektuur begin studeer, maar dit onvoltooid gelaat toe hy in 1955 Suid-Afrika toe verhuis. Hy is in 1963 met Marie Anneen van Zyl getroud. Hul dogter Kari is in 1966 gebore.

Hans verwerf in 1963 die BA (Kunsgeskiedenis)-graad aan UNISA en in 1968 die graad PhD aan die Universiteit van Natal met die tesis: *'Style periods in Cape architecture and decoration.'*

Sy loopbaan sien so daaruit:

1955-58	Opmetings assistent, Dept. van Waterwese, Pretoria
1959-61	Pers en Kultuursake Assistent, Franse Ambassade, Pretoria/Kaapstad
1959-61	Redaksionele assistent en proefleser, <i>Die Burger</i>
1962-64	Waarnemende Kurator, Michaelis Versameling (museum)
1965-69	Kurator, Stellenbosch Museum
1970-74	Kurator, Groot Constantia
1975-80	Assistent Direkteur, S.A. Nasionale Kunsgalery
1980-89	Senior Lektor in Kunsgeskiedenis, Universiteit van Natal, Pietermaritzburg
1990-2001	Direkteur, Michaelis Versameling
2001-	Skrywer, Erfenispraktisyn

### **Publikasies:**

\*Meer as 30 uitstalling-katalogusse en brosjures, vele artikels in tydskrifte en 'n gereelde rubriek oor argitektoniese juwele in *Kultuurkroniek* in die *Die Burger*.

\*Boeke

*The Old Houses of the Cape* (co-author: Mary Cook), Balkema, Cape Town, 1965

*Architectural Beauty of the Cape as seen by Arthur Elliott* (anthology of the pioneer photographer's work, with introduction and annotations), Balkema, Cape Town, 1969

*Guide to the Museums of Southern Africa, - Gids vir die museums van Suider-Afrika*, S.A. Museums Association, Cape Town 1969. Entirely revised in 1978.

*The Cape Chair - Die Kaapse Stoel*, Stellenbosch Museum, 1970

*Discover Historical Stellenbosch* (co-author Christo Botha), - *Ontdek Historiese Stellenbosch*, HAUM, Stellenbosch, 1979

*The old Buildings of the Cape* (co-author: Mary Cook), entirely revised and much expanded edition of *The Old houses of the Cape*, Balkema, Cape Town 1981

*Drie Eeue Kuns in Suid-Afrika* (the first integrated South African history of art, and applied art), Anreith, Scottsville, 1981

*Three Centuries of South African Art* (translation of *Drie Eeue Kuns in Suid-Afrika*, with the addition of a few chapters), Donker, Johannesburg, 1982

*A Cape Camera* (photographs of the Old Cape by Arthur Elliott, introduced and annotated), Jonathan Ball, Johannesburg, 1994

*Michaelis Collection, the Old Town House* (compiler), Waanders, Zwolle 1997

*A Guide to Old Buildings of the Cape* (a total revision of *The Old Buildings of the Cape*), Jonathan Ball, 2004

*Old Towns and Villages of the Cape*, Jonathan Ball, 2006

*Erik Laubscher - a Life in Art*, SMAC Gallery, Stellenbosch, 2009

*Cape Barock - and the contribution of Anton Anreith*, SunMedia, 2015

\*Hoofstukke in boeke:

The outlying districts, in: C. de Bosdari (editor) , *Cape Dutch Houses and Farms*, 2. edition, Cape Town, 1962

Wine and Architecture, in: D.J. Opperman (editor), *Spirit of the Vine*, Cape Town 1968

Dorpstraat, Stellenbosch, in: Merwe Scholtz (editor) , *Wynland*, Cape Town 1969

Kuns in ons Huis, in: C.F. Albertyn (editor) , *Die Vrou*, vol 6, Stellenbosch, 1973

Meubels en hout, in: Immelman (editor) , *Ons Groen Erfenis*, Cape Town, 1974  
Introduction in: S.A. de Villiers, *Otto Landsberg*, Cape Town, 1974  
300 years of architecture, in: F. Smuts (editor) *Stellenbosch 1679-1979*, Stellenbosch, 1979  
'n Vrugbare ruskuur: Balkema en de Bosdari, in: *Friends of the South African Library*,  
Balkema, 1984  
Architecture. The new amidst the old, in: J. Laband and R. Haswell (eds.): *Pietermaritzburg  
1838-1988*, Pietermaritzburg, 1988.

### **Toekennings**

1984: Stigting Simon van der Stel se Ere-Medalje  
1993: Cape Times Award for Conservation  
2001: Ridder in die Orde van Oranje-Nassau (Nederland)  
2008: DPhil (*h.c.*), Universiteit van Stellenbosch

### **Professionele verenigings**

S.A. Association of Art  
Stigting Simon van der Stel  
SA Volksboukundige Vereniging.  
S.A. Kultuurhistoriese Vereniging.  
S.A. Museums Association  
Van Ewijck Stigting  
Algemeen Nederlands Verbond (ANV)  
Orde van de Prinsen

### **Stokperdjies:**

Tennis, Marathon (6 Comrades Marathonne), Fietsry (13 Argus Toere), Musiek

### **Persoonlike verbintenisse**

Ek en Hans het dikwels met mekaar te doen gehad, veral sedert 1991 toe hy direkteur geword het van die Michaelis Versameling in die Ou Stadhuis op Groentemarkplein. Ek was toe al sedert 1981 hoof van die SA Biblioteek in die Kompanjies tuin. Ons het albei onder die destydse Departement van Kultuursake geresorteer en gereeld met so 'n 24 hoofde van ander museums en ander instellings saam met die amptenary vergader. Dit het gewoonlik oor verkryging van fondse gegaan onder 'n subsidie formule wat Pretoria ontwerp het en wat in hoofsaak gedien het om al die instellings so arm as moontlik te hou. Hans en ek het tientalle van hierdie vergaderings bygewoon. Hy het altyd op sy eie karakteristieke wyse, intelligente bydraes gelewer met veel humor en wysheid. Dit het helaas min gehelp om meer geld vir die MV te genereer.

Die twee liberale Hollanders se uitlatings is seker maar altyd deur die belangrike amptenary met 'n knippie sout geneem en ons is aanvaar solank ons nie te moeilik word nie. Die toppunt van absurditeit was toe die amptenary geïnspireer deur die apartheidsfilosofie besluit het om die sg Kultuurele Instelling in twee te splits onder 'n afdeling 'Eie sake' en 'Algemene sake.' Die Michaelis Museum was nou onder E en die SA Biblioteek onder A. Ons moes dit gelate aanvaar : *Wiens brood men eet wiens woord men spreek*. Na 1994 is daar weer weggedoen met die klassifikasie en is al die instellings gewoon weer onder Kultuursake. Op een stadium was ons kontak met die Departement in Pretoria deur Winnie Mandela, wat toe adjunk-minister van Kultuursake was. Ons het min van haar gesien.

Hans en ek het ook deur die jare altyd gereeld op ander terreine kontak gehad. Hy was 'n gewaardeerde raadslid van die Van Ewijck Stigting en daar jarelang ons adviseur oor museums en kulturele sake. Ons het in later jare dikwels ook saam simfonie konserte in die

stadsaal bygewoon. Hy was daar as 'n borg gelys. Hy is by almal gewild en het hom geken en probeer om praatjies met hom aan te knoop. Hy het 'n groot liefde vir simfoniemusiek en ook 'n groot kennis daarvan. Ons het ook sou nou en dan saam tennis gespeel en ek moet bieg het nie juis daarin uitgeblink nie.

Sy magnum opus was ongetwyfeld sy boek *The old buildings of the Cape*, saam met dr Mary Cook. Dit dek ruim 5700 geboue met 700 fotos. Hans moes daarvoor 25 000 km per motor reis en 5000 km op sy fiets. Gelukkig was hy fiks genoeg om dit te doen, danksy sy deelname aan o.a. die Comrades Marathon en die Argus Fietstoer. Alleen vir hierdie boek verdien hy al 'n 'lintje'.

'n Ander boek wat uitstaan is die *Old Towns and Villages of the Cape* wat in 2005 by Jonathan Ball uitgegee is. Dis die eerste omvattende studie van die fisiese geskiedenis van 'n stuk of 1001 ouer stede, dorpe en gehugte van die voormalige Kaapse Kolonie. Hierdie waardevolle boek het ook weer 'n groot aantal duidelike foto's en ander illustrasies waarvan die meeste deur Hans self geneem is.

Twee latere boeke: Een is 'n koffietafel boek oor Eric Laubscher se skilderkuns gepubliseer. Na die boek verskyn het, het ons saam 'n paar keer vir Eric besoek. Ek het gesien hoe dankbaar Eric was dat die boek na jarelange gesukkel uiteindelik gepubliseer is. Hans se laaste boek *Cape Baroque* is ook weer 'n belangrike bydrae. Mooi gepubliseer, goeie illustrasies en soos al sy boeke in 'n knap, maklik leesbare styl geskryf.

Ons kom nou terug na die rede van alles wat ek genoem het: Die Silwer Medalje van die Stigting VOC word aan dr Hans Fransen uitgereik vir sy buitengewone bydrae tot die kennis en die bewaring van die VOC-erfenis aan die Kaap en ek wil sommer byvoeg: Ook vir sy enorme bydrae oor die algemeen tot die bewaring en bekendstelling van ons kulturele erfenis deur sy geskrifte.

### ***Terima kassieh van die Redaksie***

Dankie aan ons medewerkers, korrespondente, sprekers, vriende noord van die ewenaar (Kamer Antwerpen, Caemer die Haeghe, Camer Haagsche Besoignes), komiteede en getroue ondersteuners. 'n Spesiale woord van dank aan vriendelike, hulpvaardige Eureka Barnard en die personeel van Huis der Nederlanden, ook vir die beskikbaarheid van HdN se uitstekende lokale en fasiliteite.

Daarmee is ons jaar (ons kleurvolle 21ste) se verrigtinge afgeloop. Ons skryf in 2017 ('*400 jaar Brouwer Roete*') weer.

*Behouwde vaert. Slammat jalan*

D. Sleigh (Redakteur)

Jean Sleigh (Tegnies)

26 Desember 2016.